HOUTWERK SG VR 2 **NOVEMBER 2006**

VRAAG 1

Stereometrie.

Hierdie vraag was gemiddeld tot swak beantwoord.
Kandidate lees nie die vraag deeglik deur nie.
Die basiese konsep van verskillende aansigte moet onder die knie gekry word.
Die linkeraansig was in die meeste gevalle nie beantwoord nie as gevolg van oorhaastigheid.
Die kombinasie van ‘n prisma en ‘n piramiede het veroorsaak dat sommige van die kandidate dit nie kon interpreteer nie.
Die 45 grade lyn wat weggelaat was uit die antwoordstel, het aanleiding gegee tot verkeerde projeksie na die boaansig. Kandidate moet hierop let om sodoende die korrekte projeksie te toon.
Die ware vorm van die snit verg defnitief aandag. Die projeksie moet loodreg op die snylyn wees en die afmetings moet in die boaansig verkry word.

VRAAG 2

Isometries.

Vraag 2 was gemiddeld tot goed beantwoord. Kandidate het oor die algemeen die fout begaan om die deel wat geskets moet word, eers meganies te teken en daarna bo-oor geskets. Hiervoor het die kandidate 10% van die punt verbeur.
In menige gevalle het kandidate die deel van die vraag meganies geteken en so gelos. Die vraestel stel duidelik om die deel te skets. Die uitskuifaansif van die twee dele was in ‘n mindere mate hierdie eksamen verkeerd geinterpreteer.
Sekere sentrums vernalatig om die konsep te onderrig. Die konstruering van die sirkel word ook vernalatig en moet nog steeds op die antwoordblad getoon word.
Kosbare tyd is verbeur met die voltooing van onsigbare detail. Dit word nie verwag in die vraag nie. Weereens lees kandidate nie die vraestel nie.

VRAAG 3

Perspektief

Enkele sentrums kon nie die verdwynunte korrek bepaal nie. ‘n Bewys dat die konsep om die verwyningspunte te bepaal, nie goed onderrig word nie. ‘n Sekere % punt was toegeken aan projektors en verdwynpunte.
By uitstek die beste beantwoord.

VRAAG 4
Kabinetkonstruksie.

Hierdie vraag is gemiddeld beantwoord. Projeksielyne het by sommige kandidate ontbreek. Die deursnee aansig was net geteken sonder om te projekteer. Sommige sentrums het ook verbeur om die arsering te toon in die deursneeaansig. Kandidate het kosbare punte verloor as gevolg daarvan.
Die konstruksie van die laai in die deursneeaansig was ook in die meeste gevalle nie geteken nie. Die vraestel stel dit duidelik dat daar ‘n laai voorkom in die tekening/ vraag. Verkeerde leestegniek kan weereens hier toegeskryf word.
‘n Aanbeveling is om praktiese voorbeelde ten toon te stel vir kandidate en dan die verskillende dele aan hulle te toon.
Sekere sentrums het natuurlik uitstekend gevaar in die vraag.